

Ek onthou ritte saam met my pa

deur Tom Dreyer, 2007

Onlangs ry ek van Namibië af terug Kaap toe. Laataand stop ek op die pad tussen Grünau en Keetmanshoop om my bene te rek. Teen die horison lê koppies swart soos twyfel, maar hier op die vlakke laat die maanlig elke klippie liggies gloei. Ek ril. Dis die soort aand waarin 'n mens in skimme kan glo, waarin jy hoefslae in die verte kan hoor of dalk 'n spooklig sien nadergly soos die ligte van 'n trein. Ek skuil 'n bietjie dieper in my baadjie.

Toe ek aanry, neig my gedagtes terug na daardie donker heuwels. So het hulle gelê die dag toe ek gebore is. En my pa. En sy pa. So het hulle gelê toe ek en hy die laaste keer daardie pad gery het.

Ons het dié dag laat uit Maltahöhe weggekroon en sou eers vroegoggend in die Kaap uitkom. Maar ons was uitgelate. Ons het lermoene geëet en geleidelik met die kilometers klaargespeel. Ons is oor die grens en aan tot by Springbok. Die maan was bleek bo die koppies, maar my pa was nie in 'n bui vir my spookstories nie. Ek het kort tevore iets oor Springbok se ou myndae gelees, en het vertel hoe die erts destyds per donkiekar aangery is see toe. Daar het glo deur die jare soveel uitgestort dat jy in 'n sekere lig daardie pad soos koper kan sien gloei. "Dit moet seker in die sonlig wees," het my pa opgemerk nadat ons onself moeg gekyk, maar niks gesien het nie. Hy het nog 'n skyfie lermoene geëet. "Maar moenie die maan onderskat nie. In Lüderitz het die manne glo handeviervoet in die maanlig rondgekrui en blikke vol diamante opgetel."

Ons het albei geskrik toe die temperatuurliggie van die Cruiser aanskakel. Die radiator moet 'n lek opgedoen het, maar gelukkig het my pa altyd 'n jerry-kan vol water agter op die bak gehou. Gou was die radiator vol en ons weer vort, ofskoon met 'n bietjie minder bravade. Maar ontstellend gou moes ons weer stop, en daarna het dit die ritme van ons aand geword. Ry. Kook. Skink. Ry. In Garies kon ons die jerry-kan weer volmaak, maar kort voor Vanrhynsdorp het ons kierangs uiteindelik gebraai.

Afgesien van die gesis van die enjin was die nagveld stil. Met jou oë op daardie vlaktes was dit maklik om jou te verbeel dat daar steeds transportryers en prospekterders in daardie donkerte beweeg. Ek weet nie waaraan my pa gedink het nie, maar ek het gedink aan die lyn wat van my af deur hom terugstrek tot by daardie manne. Toe het die maan agter 'n wolk uitgekom, en hy het na my oorgeleun en "Tom" gesê en na iets in die verte beduie. Blik soos 'n diamant – en vir ons net so waardevol – het 'n plaasdammetjie in die maanlig gelê.

Ek onthou ook ander ritte saam met my pa. Die keer toe ons soos twee avonturiers langs 'n bordjie "Steenbokskeerkring" geposeer het. Die keer toe ons deur 'n weerligstorm Pretoria toe gery het om my eerste kar te gaan afhaal. Daai Alfa Sud is lankal verkoop, en die Land Cruiser sal jy op geen pad meer kry nie. Selfs die dammetjie was skoonveld toe ek onlangs weer daar verby is. Maar iets bly behoue. Ek ry nog aan, en in my gedagtes ry my pa nog saam.

- Oorspronklik verskyn in Die Burger

